KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

AANSOEK VIR FINANSIËLE BYSTAND VIR TERSIÊRE OPLEIDING

Aansoeke word hiermee ingewag van voornemende studente om finansiële hulp in terme van die Kaap Agulhas Beursbeleid te ontvang. Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

1. 'n Brief ter motivering van u aansoek;
2. 'n Gesertifiseerde afskrif van die identiteitsdokument van die aansoeker;
3. 'n Gesertifiseerde afskrif van die registrasie-sertifikaat uitgereik deur die instelling wat die kursus en vakke aandui;
4. Bewys van woonadres in Kaap Agulhas gebied (munisipale rekening of enige ander relevante dokument);
5. 'n Gesertifiseerde bewys van die graad 12 uitslae of die nuutste beskikbare uitslae;
6. 'n Gesertifiseerde bewys van ouer(s)/voog(de) se gesamentlike inkomste van minder as R20 000,00 per maand.

Verseëlde aansoeke, gemerk "Beurs aansoek" moet in die tenderbus by die Munisipale Kantore geplaas word te Dirkie Uysstraat 1, Bredasdorp nie later nie as 12:00 op Donderdag, 21 Desember 2017.

Studente woonagtig in die Kaap Agulhas Munisipale area kan aansoek doen vir finansiële ondersteuning vir die volgende studievelde:

- Ingenieurswese- siviele, water, sanitasie, elektriese ens.
- Finansiële Bestuur
- Stadsbeplanning
- Argitektuur
- Toerisme
- Menslike Hulpbronne
- Informasie en Telekommunikasie Tegnologie
- Omgewingsbestuur
- Gemeenskapsontwikkeling
- Sport en Rekreasie
- Kuns en Kultuur
- Besigheidstudies
- Regswetenskap
- Politieke Wetenskappe
- Publieke Administrasie
- Gemeenskapsveiligheid
- Marine Biologie
- Landbou

Alle aansoeke is onderhewig aan die goedkeuring van 'n beurskomitee wie ingevolge die aanvaarde beleid hiermee sal handel. 'n Afskrif van die beursbeleid is beskikbaar op die munisipale webtuiste, alle biblioteke en munisipale kantore in die Kaap Agulhas gebied. Geen laat of onvolledige aansoeke sal oorweeg word nie. Vir enige navrae skakel asseblief vir Me. Zoe Feni-Bandla gedurende kantoorure by tel. Nommer 028 425 5500.

Mnr. D.G. O'Neill (GMB)

Munisipale Bestuurder
Posbus 51
Kaap Agulhas Munisipaliteit